'n Hart vir ander

Sy is passievol oor mense, sê die kunstenaar Marié Stander. Dit is nie net haar figuurwerke wat dit weerspieël nie, maar ook haar hart vir die gemeenskap van Jamestown.

Deur Marié Esterhuyse. Foto deur Johan Wilke

HERONTDEK JOU WARE SELF MET RoC

Marié het onder leiding van die kunstenaar Paul Emsley aan die Universiteit van Stellenbosch in beeldende en portretkuns gespesialiseer. Sedert 1986 is haar kunswerke te sien by kunsuitstallings, is dit in kunsversamelings opgeneem en talle van haar werke is al aan oorsese kliënte verkoop. Sy is ook onlangs genooi om in 'n kunsgalery in New York uit te stal. Marié het haar eie kunsskool in 2000 begin en het sewentig studente. In 2002 het sy en haar studente hul eerste kunsveiling ten bate van liefdadigheid gehou.

My inspirasie vir liefdadigheid kom uit my ouerhuis. My ma het ons sewe kinders een Kersfees na die kinderhuis Môreson op George geneem. Dit was vir ons erg om te sien, maar sy het ons belowe sy gaan dit verander. En sy het. Haar en my pa se leefwyse het hul deernis met die gemeenskap gewys."

Marié het haar hart vir liefdadigheid baie suksesvol met haar kunstalent gekombineer. Destyds as kunsonderwyseres het sy en haar leerders projekte begin om die omgewing te verfraai. Met talle muurskilderye by die Tygerberg-hospitaal se dialise-eenheid het hul kuns ander mense se lewe aangeraak. Aanvanklik het net 'n paar leerders op Saterdae kom verf, maar namate hulle kon sien watter verskil dit maak, het meer en meer opgedaag om haar te help.

"Ek glo jy steek nie jou talente onder 'n maatemmer weg nie," sê sy. "En ek is gelukkig, ek het altyd 'n span agter my wat my hiermee kan help. As kunsonderwyseres kon die leerders my met projekte ondersteun en vandag het ek my kunsskool se studente wat my met die kunsveiling ten bate van liefdadigheid help."

Die afgelope sewe jaar hou Marié en haar studente 'n kunsveiling by die wynlandgoed Muratie buite Stellenbosch. Dit is elke jaar 'n hoogtepunt op die dorp se kunskalender en 'n besondere aand waar mense van die omgewing wys hulle gee om. Sy en die studente maak kunswerke wat op die veiling verkoop word. Die student kry 'n derde van die verkoopprys en die res gaan vir liefdadigheid.

Marié besluit saam met onder meer Kinderwelsyn wie die geld die nodigste het. Skole, tehuise, kinders en selfs diere vind hierby baat. Met die geld wat sy en haar studente al bymekaargemaak het, is daar musiekinstrumente, sporttoerusting en skoolklere gekoop. Kinders kry met dié geld ook die geleentheid om skooltoere by te woon, skoolgeboue word opgeknap en 'n plaaslike tehuis se badkamers is netjies gemaak.

"Aanvanklik was dit vir my studente moeilik om 'n skildery waaraan hulle só hard gewerk het vir die veiling te skenk. Maar met die jare het hulle besef dat jy soveel seën daaruit kry om te gee. Niemand kan op aarde wees sonder om iets vir ander terug te gee nie. Jy móét van jouself gee.

"Ek wens ek kon soveel meer doen, maar ek het my eie werk wat my besig hou, my gesin en die kunsskool. Gelukkig kan ek met die geld van die kunsveiling help waar daar nood is en waar ons bly, sien ek die nood. My oë het hier oopgegaan. Ek het weer besef mense is daar vir mekaar."

Behalwe om haar kuns in te span tot voordeel van ander, is Marié 'n baie suksesvolle kunstenaar uit eie reg. Haar gunstelingmediums waarmee sy nou werk, is houtskool en droë pastel en sy maak hoofsaaklik portrette van mense met wie sy al 'n pad geloop het.

"Ek glo ek kan net mense teken wat ek ken. Ek teken baie kinders, almal kinders wie se omstandighede ek ken. As jy na die skildery kyk, moet dit jou roer, jy moet die kind se siel daarin kan sien. Dit is vir my belangrik om te weet wie die mens in die portret is. Kuns moet kommunikeer en dit kan net gebeur as jy dit self ervaar het."

Vir meer oor Marié se kuns en haar liefdadigheidswerk, besoek haar webwerf by www.mariestander.co.za. Sy werk onder die naam Marié van Reenen-Stander.

HARE EN GRIMERING SHERYL VAN SHINE; STILERING CORNÉL DUNN